



## BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE

Langstraat 16  
De Kelders  
GANSBAAI  
7220  
Landlyn: 028 384 3859  
Sel nr. 082 585 7692  
Faks na epos 086 561 6727  
E.pos [hennieverm@telkomsa.net](mailto:hennieverm@telkomsa.net)

24 Oktober 2018

### **INLIGTING WAT BENODIG WORD VAN VERMEULEN AFSTAMMELINGE OM ONS GESLAGSREGISTER OP TE DATEER.**

'n Beroep word op alle Vermeulen afstammeling gedoen om ons hiermee te help.

Ons navorsers Johan Vermeulen, Izak Vermeulen en ander navorsers het vir ons as die Vermeulen nageslag 'n onskatbare erfenis daargestel. Die navorsers het dan ook al hul navorsingwerk aan die Bond geskenk. Die laaste druk van die geslagsregister het in 2011 plaasgevind. Sedertdien het Johan Vermeulen tot en met sy dood die opdatering behartig en doen Hennie Vermeulen nou die opdatering op ons databasis vanaf September 2018. Die opdatering behels nie net die opteken van name, geboortes, troudatums en datums waarop persone oorlede is nie maar behels ook die verskaffing en aantekening van persoonlike inligting oor 'n Vermeulen of 'n interessante gebeurtenis of insident waarby so 'n persoon betrokke is of was vir aantekening in die geslagsregister. Die Bond hou ook foto databasisse by van grafte, foto's van belangrike Vermeulen dokumente en plekke van waarde vir 'n Vermeulen familie, asook 'n databasis van foto's van persone.

Dit moet benadruk word dat die Geslagsregisters en die databasis die eiendom van die Bond is en dat geen deel daarvan sonder skriftelike goedkeuring van die Bond gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee mag word nie.

Die verantwoordelikheid om geslagsregister inligting te versamel berus nie net by die Bond Bestuur nie en as elke Bondslid en Vermeulen afstammeling ons help om hom of haar inligting na te gaan in die geslagsregister en ons laat weet van die veranderinge, sal dit ons taak net soveel makliker maak. Dit berus by onself of ons 'n opgedateerde met korrekte inligting geslagsregister daar wil stel vir ons nageslag waarop hulle trots gaan wees en of ons dit gaan los soos dit nou is. Ek is bereid om die inligting op die databasis te laai. Ek moet net die korrekte inligting kry. Julle moet asb. seker maak dat die inligting korrek is. Die bron waar ons die inligting vandaan kry word ook vermeld d.w.s. jou naam word verstrek as bron. As jy nie seker is of jy reeds in die geslagsregister opgeneem is nie, stuur jou inligting aan ons by bogenoemde kontak besonderhede.

Genealogiese bronne wat geraadpleeg kan word is in die meeste gevalle 20jr agter met inligting en dan beskik hulle ook nie oor die al die inligting nie. Bronne is dus beperk.

#### **WAARMEE KAN JY HELP:**

1. Rapporteer alle gesinsveranderinge kompleet met volle name en vanne,geboorte datums en plek van geboorte,huwelike en plek van huwelik, sterftes datum en plek en boedelnr. waar bekend.
2. Let wel indien 'n Vermeulen vrou trou word haar man en sy geboortedatum vermeld maar nie haar kinders se detail nie. Die kinders is nie meer 'n Vermeulen vir doeleindes van die geslagsregister nie.
3. Onthou om ook foto's van Vermeulens,foto's van familie saamtrekke, ou dokumentasie en grafte in te stuur met volle besonderhede.
4. Die belangrikste is rapporteer inligting waar Vermeulens presteer en insidente komies en andersins waarby Vermeulens betrokke is.
5. Wanneer u mede Vermeulens raakloop, vind uit of hulle van ons weet en kry hul detail sodat ons kan seker maak hulle detail verskyn in ons register/databasis.

**DANKIE DAT JY BEREID IS OM BETROKKE TE WEES VIR HIERDIE BELANGRIKE TAAK OM DIE VERMEULEN GESKIEDENIS VIR ONS NAGESLAG DAAR TE STEL. STUUR JOU INLIGTING AAN BOGENOEMDE KONTAK BESONDERHEDE.**